Kruisbestuiwing op Karoo-fees maak Afrikaans waarlik vry

Mense steier – van opwinding ...en skok

Deur Barrie Hough: Johannesburg

BREYTEN Breytenbach het al verskeie kere, polities en literêr, opslae gemaak en die voorblaaie gehaal. Marthinus Basson het ook al tonge los gehad, onder meer oor sy omstrede produksie van Heine Müller se weergawe van *Titus Andronicus* by 1987 se Nasionale Kunstefees op Grahamstad.

Saam het die twee nuusmakers op die afgelope Klein Karoo Nasionale Kunstefees op Oudtshoorn mense laat steier – van opwinding en skok.

Gedurende Basson se opvoering van Breytenbach se debuutdrama *Boklied* het 'n lid van die gehoor 'n beroerte gehad. Sluikhandelkaartjies is vir die laaste opvoering glo vir tot R500 verkoop. Die skokgolwe oor *Boklied* het van Oudtshoorn tot in die res van die land uitgekring.

Boklied verdien dubbel en dwars die Herrie, die feesprys, waarmee dit bekroon is, en die aandag wat dit getrek het. Met hierdie metaforiese, visueel aangrypende teater – vol naaktheid, seks en bloedrituele – het Afrikaans 'n kwantumsprong geneem en is die aangesig van Suid-Afrikaanse teater vir ewig verander.

Boklied word nog op 14, 16, 17 en 18 April in die Roodepoortse Stadsteater opgevoer en van 22 tot 25 April in Bloemfontein se Stadskouburg.

● Nóg 'n omstrede nuusmaker wat onregverdige kritiek op die fees moes verduur, is Clarabelle van Niekerk. Sy en haar groep, The Laughing Gypsies, was een van die hoogtepunte van die fees en het musiek gemaak soos nog nooit in Afrikaans gehoor is nie. Die opstapeling van ritmes en die manier waarop harmonieë in hul musiek gekontrapunteer word, is eenvoudig asembenemend.

Van Niekerk en haar groep het die grense van Afrikaanse musiek versit en lewer 'n veel interessanter klank as die gesanik van neo-country wat jou ore so verstop. Wie Van Niekerk nie waardeer nie, verdien haar nie.

● Klanke wat ook deur die versitting van musikale grense gekenmerk is en wat kraakvars aangedoen het, was Laurika Rauch en Vusi Mahlasela se *Samekoms / Kopano*. Hierdie kruisbestuiwing het 'n mens weer opnuut laat luister na 'n bekende liedjie soos *Die gang*, betowerend gesing deur Mahlasela. Ook die geykte *Kinders van die wind* het nuwe lewe gekry en 'n mens meegevoer.

● Die Nederlanders en Belgiese volk het die fees 'n internasionale stemming gegee. Stellig die vindingrykste van dié buitelanders se opvoerings was die kinderteater *Scheppingskabaal*.

By die ingang van die Toekomsrusgemeenskapsaal, buite deur die akteurs en kinders van die omgewing versier met helderkleurige klippe, verwelkom akteurs jou. Hulle trek vir jou ritualistiese lappantoffels aan. Dit beskerm die wit dekorstel. Jy word na 'n sitplek begelei en kry jou sit op kussings wat hulle uitdeel.

'n Verteller se woorde en metafore kry skielik lewe wanneer die gehoor hulle op 'n bootreis bevind. Die akteurs voer jou met wonderlike klanke en rympies in brabbeltaal na 'n magiese eiland, waar die verteller volkome geluk in klank en sensuele aanraking vind. Alle reise en wonderlike ervarings kom egter tot 'n einde en sommige van die kinders vind dit so hartseer dat hulle huil.

Die les is egter geleer. Ons kan elkeen, veral deur die kuns, ons eie wêreld skep.

● Hierdie skeppingsvryheid het ook opgeval in *Brolloks en Bittergal*, 'n Boere-pantomime geskep deur Lizz Meiring en Hannes Muller, waarin 'n verhaal van C.J. Langenhoven uitgedos word in rave- en punk-gewaad. Tot groot vermaak van die gehoor was die skeppers nie bang om heilige koeie in strepe slagpale toe te lei nie. Louis Luyt, Winnie Mandela, Madiba, Michael Jackson en Nkosazana Zuma word satiries gefusilleer. Dis tog groot pret.

● Nog 'n hoogtepunt op die fees waarin in hoogste versnelling gespot is, was Rory Rootenberg se *Cadenza*, 'n revue waarin Rootenberg sy aansienlike stemomvang – wat wissel van sopraan tot bariton – ten toon stel. Ligvoets en met 'n spitsvondigheid wat vir niks skrik nie, maak hy korte mette met onder meer Mimi Coertse se manierismes, Laurika Rauch se stemomvang en die melodrama in Bizet se opera *Carmen*. Hy steek verder die draak met Lloyd Webber in 'n reeks oudisies.

Rootenberg is 'n vonds soos min en gaan nog groot hoogtes bereik.

● Wat die visuele kuns betref, het die kunstenaar Jan Visser nogal getref. Visser se erotiek, 'n muur vol hedonistiese orgies wat tegnies briljant gestalte kry, is werk wat met piëteit gedoen is. Dié erotika, verweef met religieuse simbole, gee aan die imposante tentoonstelling 'n heroïese kwaliteit.

Te oordeel na die algehele gebrek aan sensuur, wat sowel taal, satiriese kommentaar en die visuele betref, is dit nie vergesog om te sê dat Afrikaans nog nooit so vry was soos by hierdie fees nie.

● Nog berigte en foto's oor die kunstefees op bl. 12 en 13.

BO: Laurika Rauch en Vusi Mahlasela ... een van die hoogtepunte op die fees. Links is Mynie Grové en regs Piet Botha wat saam met sy orkes Jack Hammer gewys het Afrikaans kan hard rock. Onder is Paulien Leussink in die skitterende Nederlandse kindertoneelstuk *Scheppingskabaal*.